basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES V1

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoord op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND	**1**	**30**	**20**
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	**2**	**40**	**70**
	3	**40**	
	4	**40**	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	**5**	**40**	**30**
	6	**40**	
TOTAAL		**150**	**120**

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet beskryf die minimum vereistes van indiensnemings-kontrakte vir werknemers:

A Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)
B Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003)
C Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
D Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)

1.1.2 Die rol van SOOO's in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) sluit …

A toesighouding oor opleiding in verskillende sektore van die ekonomie in.
B die bied van werksgeleenthede vir vaardige werknemers in.
C in die opleiding van werknemers om produktiwiteit by die werksplek te verbeter.
D in om werknemers by vaardigheidsontwikkelingsinisiatiewe te betrek.

1.1.3 Themba Koffiewinkel het 'n melkskommelstasie bygevoeg om nuwe klante te lok. Hierdie soort diversifikasiestrategie staan as … bekend.

A konglomerasie
B konsentries
C vertikaal
D horisontaal

1.1.4 Die rol van die aansoeker gedurende die onderhoud is om …

A antwoorde vir toekomstige verwysing aan te teken.
B die vra van kontroversiële vrae te vermy.
C vrae te vra om duidelikheid oor die pos te verkry.
D die doel van die onderhoud te verduidelik.

1.1.5 Lekkergoed Fabriek het gehalte-… toegepas toe hulle nuwe tegnieke bekendgestel het om die gehalte van hulle produkte te verbeter.

A bestuurstelsels
B prestasie
C sirkels
D bestuur (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

keuring; sterk punt; vaardigheids-; administrasie; posspesifikasie; sosio-ekonomiese; posbeskrywing; geleentheid; plasing; finansiële

1.2.1 Goue Tegnologie het gratis internetdienste aan benadeelde gemeenskappe verskaf toe hulle … ontwikkeling as 'n pilaar van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) toegepas het.

1.2.2 Smith Bakkery het vaardige werknemers wat goedere van 'n hoë gehalte produseer. Dit word as 'n … in die SSGB-ontleding geklassifiseer.

1.2.3 Die … dui die minimum persoonlike eienskappe en kwalifikasies aan wat vir 'n posisie vereis word.

1.2.4 Besighede moet gedurende die …-prosedure die spesifieke verwagtinge van die nuwe posisie kortliks beskryf.

1.2.5 Verf Oplossings implementeer skuldinvorderingsbeleide om hulle kontantvloei as 'n gehalte-aanwyser van die … funksie te monitor.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie	A	fokus op die verkoop van bestaande produkte in nuwe markte
1.3.2	Jaarlikse verlof	B	verseker dat produkte die vermoë het om klante se behoeftes te bevredig
1.3.3	Markpenetrasie	C	verhoog werknemerdeelname aan lewenslange leer
1.3.4	Tydsverwante	D	laat werknemers toe om ses weke betaalde verlof in 'n tydperk van 36 maande te neem
1.3.5	Totale gehaltebestuur	E	werknemers word betaal volgens die aantal ure gewerk
		F	fokus op die verkoop van bestaande produkte in bestaande markte
		G	verhoog toegang tot opleidingsprogramme
		H	werknemers word betaal volgens die aantal items geproduseer
		I	laat werknemers toe om 21 agtereenvolgende dae betaalde verlof per jaar te neem
		J	verseker volle deelname van alle werknemers om klante se behoeftes te bevredig

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER kragte van Porter se Vyf Kragte-model. (4)

2.2 Beskryf kortliks die stappe in strategie-evaluering. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MANDAKHE GROOTHANDELAARS (MG)
Mandakhe Groothandelaars versprei motorhuisdeure aan hardewarewinkels. MG moedig werknemers aan om aan leerlingskappe en logistiek-opleidingsprogramme deel te neem om nakoming van wetgewing te verseker.

2.3.1 Noem die Wet waaraan MG in die scenario hierbo voldoen het. (2)

2.3.2 Verduidelik ander maniere waarop MG aan die Wet wat in VRAAG 2.3.1 genoem is, kan voldoen. (4)

2.4 Bespreek enige TWEE regte van verbruikers ten opsigte van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

PRESTIGE VERSKAFFERS (PV)
Prestige Verskaffers ervaar 'n daling in wins as gevolg van 'n afname in die aanvraag na hulle produkte. PV het sommige van hulle bates, wat nie meer produktief is nie, verkoop om skuld af te betaal. Hulle het die indiensnemingskontrakte van 'n paar werknemers beëindig om koste te verminder.

Identifiseer TWEE soorte defensiewe strategieë wat deur PV toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

SOORTE DEFENSIEWE STRATEGIEË	**MOTIVERINGS**
1.	
2.	

(6)

2.6 Bespreek die impak van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998) op besighede. (6)

2.7 Gee besighede raad oor optredes wat as nienakoming aan die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) beskou word. (6)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige VIER aspekte wat by 'n induksieprogram ingesluit moet word. (4)

3.2 Beskryf kortliks die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BOTHA PROKUREURS (BP)
Joe, die menslikehulpbronbestuurder by Botha Prokureurs, het vir die onderhoude van gekortlyste kandidate voorberei. Hy het hulle oor die datum en plek van die onderhoud ingelig. Joe het 'n stel vrae ontwikkel wat gebaseer is op die vaardighede wat vir die pos benodig word. Hy het ook inligting wat deur die kandidate verskaf is, by die vereistes van die pos gepas.

3.3.1 Haal TWEE rolle uit die scenario hierbo aan van Joe, die onderhoudvoerder, voor die onderhoud. (2)

3.3.2 Verduidelik ander rolle van die onderhoudvoerder voor die onderhoud. (4)

3.4 Gee besighede raad oor die regsvereistes van 'n indiensnemingskontrak. (4)

3.5 Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

RAMAN VERVAARDIGERS (RV)
Raman Vervaardigers produseer gehalte-opsporingstoestelle vir voertuie. Hulle kontroleer grondstowwe en masjinerie om hoë standaarde te handhaaf. RV inspekteer die gehalte van opsporingstoestelle gedurende en na afloop van die produksieproses.

Identifiseer TWEE gehaltekonsepte wat deur RV toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6 te beantwoord.

GEHALTEKONSEPTE	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.7 Bespreek die voordele van monitering en evaluering van gehalteprosesse as 'n totale gehaltebestuur(TGB)-element vir groot besighede. (6)

3.8 Gee besighede raad oor die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien dit swak geïmplementeer word. (4)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige TWEE tipes besigheidsektore. (2)

4.2 Beskryf kortliks die voordele van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) vir besighede. (6)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KAGISO OPNAMES (KO)

Kagiso Opnames ontwikkel en bevorder plaaslike kunstenaars. KO het geld by Regent Bank teen 'n hoë rentekoers geleen aangesien die ekonomiese toestande onstabiel was. Sommige van KO se kunstenaars het besluit om kontrakte met Mandla Platemaatskappy te sluit aangesien hulle 'n laer aansluitingsfooi aanbied.

4.3.1 Haal TWEE uitdagings vir KO uit die scenario hierbo aan. (2)

4.3.2 Klassifiseer KO se uitdagings volgens die besigheidsomgewings. (2)

4.3.3 Noem die mate van beheer wat KO oor ELKE besigheidsomgewing het wat in VRAAG 4.3.2 geklassifiseer is. (2)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3.1 tot 4.3.3 te beantwoord.

UITDAGINGS (4.3.1)	BESIGHEIDS-OMGEWINGS (4.3.2)	MATE VAN BEHEER (4.3.3)
1.		
2.		

4.4 Gee besighede raad oor die strafmaatreëls vir nienakoming van die Wysingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS), 1997 (Wet 61 van 1997). (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Gee enige VIER voorbeelde van byvoordele. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BLOUDRUK HANDELAARS (BH)

Bloudruk Handelaars het 'n vakante pos vir 'n finansiële bestuurder. BH het die vakante pos in die besigheid se nuusbrief geadverteer om geskikte kandidate te lok. Hulle is bewus daarvan dat hierdie werwingsmetode 'n impak op hulle besigheid sal hê.

4.6.1 Noem die werwingsmetode wat deur BH in die scenario hierbo gebruik is. (2)

4.6.2 Bespreek die impak van die werwingsmetode wat in VRAAG 4.6.1 genoem is, op besighede. (4)

4.7 Verduidelik hoe gehalte van prestasie van die bemarkingsfunksie tot die sukses van die besigheid kan bydra. (6)

4.8 Gee besighede raad oor die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

Die strategiese bestuursproses stel besighede in staat om uitdagings wat die besigheidsomgewing inhou, te oorkom. Besighede kan integrasiestrategieë gebruik of die PESTWO-faktore toepas om maniere te vind om hierdie uitdagings te hanteer. Sommige besighede kies om diversifikasiestrategieë te implementeer aangesien dit baie voordele inhou.

Skryf 'n opstel oor besigheidstrategieë waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die strategiese bestuursproses.
- Bespreek DRIE soorte integrasiestrategieë.
- Verduidelik maniere waarop besighede die uitdagings wat die volgende PESTWO-faktore inhou, kan hanteer:
  - Tegnologiese
  - Wetlike
- Gee besighede raad oor die voordele van diversifikasiestrategieë. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

Besighede verseker dat die algemene bestuursfunksie hulle besigheidsprestasie versterk. Hulle pas die BDKH-model toe om sodoende die gehalte van hulle produkte te verbeter. Sommige besighede gebruik totale kliënte-/klante-tevredenheid en voldoende finansiering en kapasiteit as totale gehaltebestuur(TGB)-elemente in hulle besigheidsbedrywighede. Hulle ondersoek ook maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

Skryf 'n opstel oor gehalte van prestasie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die gehalte-aanwysers van die algemene bestuursfunksie.
- Verduidelik hoe besighede die BDKH-model/-stappe kan toepas om die gehalte van hulle produkte te verbeter.
- Bespreek die impak van die volgende totale gehaltebestuur(TGB)-elemente op groot besighede:
  - Totale kliënte-/klante-tevredenheid
  - Voldoende finansiering en kapasiteit
- Stel maniere voor waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou